# Die noodsaak vir Christus-gesentreerde hermeneutiek in Gereformeerde eksegese en prediking[1]

Bespreking van:

Goldsworthy, Graeme. 2006. ***Gospel-Centred Hermeneutics: Biblical-theological foundations and principles.*** Nottingham: Apollos Press (Intervarsity).

deur Prof. GDS Smit

## Inleiding

Wie van ons was nie al in die geselskap van kollegas wat skertsend na een of ander Teologiese dissipline verwys het as die belangrikste dissipline in die Teologiese opleiding nie? Ons was moontlik self al een van dié wat so grappenderwys na die dogmatiek, of die eksegese of die kerkreg verwys het as die moeder van die Teologiese dissiplines?

Om een of ander dissipline uit te sonder sal seker meeste predikante se liefhebbery verklap, maar tog is daar een disspline waarsonder geen gesonde Teologie moontlik is nie. Elke predikant is elke week wetend of onwetend met die oog op elke Sondag se prediking besig met die hermeneutiek. Ons sou trouens elke dag gekonfronteer word met keuses en elke keer wanneer ons 'n interpretasie maak van tekens en waarskuwings, tekste en gesprekke, is ons inderdaad besig met hermeneutiek, soos Dimitri Ginev[2] tereg uitwys.

Dit is om dié besondere rede dat Dilthey al in 1900 reeds gepleit het dat die studie van hermeneutiek verpligtend moet wees vir enige vakdissipline in die geesteswetenskappe[3]. Die isolering van die sosiale vakwetenskappe het die spoor gevolg van die isolering van natuurwetenskappe en die soort "wetenskaplike eilande" was op daardie stadium al reeds so diep gewortel by Universiteite wêreldwyd, dat Dilthey se pleidooi ongelukkig op dowe ore geval het. Tog kan ons nie sonder gesonde hermeneutiese grondslae nie.

Wat die Bybelse hermeneutiek betref, was die Prediker inderdaad reg toe hy geleer het: *"aan baie boeke maak kom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees"* (Pred. 12:12). Hermeneutiek is moontlik een van die teologiese dissiplines wat die *meeste vermoeiing van die vlees* veroorsaak en om dié rede is dit nie 'n baie gewilde onderwerp van studie onder leraars nie. Selfs die wat wel op hoogte probeer bly van die belangrikste teologiese bydraes, raak nie graag formeel die hermeneutiek aan nie.

Brad Wheeler is seker korrek[4] as hy sê die gemeente hoef nie formele opleiding in die hermeneutiek te hê om die Bybel te verstaan nie, maar dit beteken nie dat die gemeente nie opgelei moet word in

---

[1] Referaat voorberei vir die Afrikaanse Protestantse Teologiese Werksgemeenskap in Pretoria, 27 Mei 2016

[2] Ginev, Dimitri. 2006. *The Context of Constitution: Beyond the Edge of Epistemological Justification*. Boston Study in the Philosophy of Science. Nederland: Springer, p. 62.

[3] Dilthey, Wilhelm. 1900. *The Rise of Hermeneutics.* Aangehaal in: Makkreel, Rudolf A. & Rodi, Frithjof. *Dilthey, Wilhelm. Introduction to the Human Sciences.* Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

[4] Wheeler, Brad. 2015. *Why preaching?* Aanlyn beskikbaar by: https://9marks.org/article/why-preaching/ (Toegang: 23 Mei 2016).

die "verstaan van die Bybel" nie. Wanneer dit gebeur, word hermeneutiek beoefen. Dit gebeur tog by implikasie dat hulle die Woord (reg of verkeerd) "verstaan" en dus 'n hermeneutiese sleutel het vir die prediking en Skrifstudie. Die eksegeet het 'n taak om sy eie hermeneutiese toerusting voortdurend te identifiseer, op te skerp en uiteindelik ook die gemeente te lei om die Skrif "deur die regte bril" te lees.

Suiwer Woordverkondiging is een van die groot uitdagings in die postmoderne samelewing en hedendaagse kerke. Suiwer Woordverkondiging behoort nie 'n luukse te wees wat gemeentelede van-tyd-tot-tyd (as die dominee kans gehad het om genoeg tyd in die voorbereiding vir die prediking in te sit) te trakteer nie. Dit behoort die basiese ononderhandelbare bousteen te wees van elke preek, Bybelstudie en huisbesoekgeleentheid. Tog wil dit voorkom of leraars, kerkrade en lidmate soms die idee het dat suiwer Woordverkondiging bloot beteken dat die preek bekende teologiese lyne moet volg, die erediens 'n tradisionele liturgie moet volg, en die gemeente 'n paar liedere moet saamsing - solank daar niks nuut van die gemeente verwag word nie – dan is dit Gereformeerd en gevolglik suiwer!

Gereformeerde prediking is tog baie meer as om tradisionele historiese lyne te volg, om uit die belydenisskrifte aan te haal of om 'n bepaalde liturgie te volg. Dit eis onder andere dat daar voortdurend besin word oor die kerk se doel, sy verlede, sy hede en toekoms en voorveronderstellings in die prediking. Die hermeneutiese voorveronderstellings speel veral 'n groot rol in die prediking, veral in dié tyd waar besinning oor die kerk van gister, vandag en more opnuut die aandag vra.

Gereformeerde prediking eis besondere verantwoordelikheid en tyd van die prediker. Wheeler meen vervolgens, as die leraar die Woord van God in die plaaslike kerk op 'n suiwer wyse verklaar, sal chronologiese tekste oor 'n tema soos die verbond byvoorbeeld ononderhandelbaar wees, en om dit reg te kry, is gesonde hermeneutiek en deeglike voorbereiding noodsaaklik.

Die laaste paar jaar het 'n aantal goeie publikasies oor die hermeneutiek verskyn. Ek wil graag die volgende baie bruikbare werke noem: Bartholomew en Goheen[5], John Goldingay[6], Graeme Goldsworthy[7], Sidney Greidanus[8] en Vern Poythress[9]. Die voortreflike werk van John Frame behoort in dié verband ook erkenning te kry[10]. Ek wil hier graag Goldsworthy se werk in besonder uitlig.

In 2006 verskyn die publikasie van Graeme Goldsworthy met die titel: *Gospel-Centred Hermeneutics: Biblical-theological foundations and principles.* Tereg sou mens kon vra: wat kan nog oor die hermeneutiek gesê word wat nie iewers reeds gesê is nie? En tereg sou mens Goldsworthy se bydrae nie as 'n unieke koers in die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek kon beskryf nie. Dit is eerder 'n poging om die eksegeet bewus te maak van die feit dat die moderne hermeneutiek al hoe verder van die tradisioneel-gereformeerde eksegese wegbeweeg en bewustelik of onbewustelik al hoe meer op die

---

[5] Bartholomew, Craig en Goheen, Michael. 2004. *The drama of Scripture: Finding our place in the Biblical story.* Grand Rapids: Baker Books.
[6] Goldingay, John. 1996. *Models for interpretation of Scripture*. Grand Rapids: Eerdmans.
[7] Goldsworthy, Graeme. 2006. *Gospel-Centred Hermeneutics: Biblical-theological foundations and principles.* Nottingham: Apollos Press (Intervarsity).
[8] Greidanus, Sidney. 1988. *The Modern Preacher and the Ancient Text.* Grand Rapids: Eerdmans (Leicester: Intervarsity Press).
[9] Poythress, Vern. 1999. *God Centered Biblical Interpretation*, Phillipsburg: Presbyterian & Reformed.
[10] Kyk bv. na die lys van gratis e-boeke wat beskikbaar is by: http://frame-poythress.org/ebooks/. Hier is besondere waardevolle publikasies oor onder andere die eksegese en hermeneutiek waarvan die AP Kerk-leraar kennis behoort te neem.

spoor van Bultman se eksistensialistiese hermeneutiek of die postmodernistiese relativistiese hermeneutiek loop.

Goldsworthy se werk is van belang omdat dit een van die min werke is wat die geskiedenis van die Bybelse hermeneutiek van die Ou-Testamentiese tyd tot die 21ste eeu navors. Die werk kan as 'n een-volume handboek op die Bybelse hermeneutiek beskou word en elke gereformeerde eksegeet en – teoloog behoort kennis te neem van hierdie werk[11].

## Begripsverklaring: Christus-gesentreerde hermeneutiek

Goldsworthy begin die genoemde werk met die opmerking dat die Bybelse Teologie nie genoeg aandag gekry het die afgelope eeue nie en steeds te min aandag kry in die eksegese van predikante vandag. Die hermeneutiek van Christus-alleen word tereg as die kern van die gereformeerde eksegese beskou, maar, meen hy, dit is bloot in teorie die geval: in praktyk word Christus dikwels uit die prediking gelaat, veral die prediking uit die Ou Testament, en vervang met moralisme of relativisme.

Wat in die titel van die werk as "Gospel-Centred Hermeneutics" beskou word, word deur my vertaal met *Christus-gesentreerde hermeneutiek*. Goldsworthy wy heelwat aandag daaraan om te bewys dat Christus en die Evangelie gelyk is, en daarom verkies hy om die eksegeet op te roep tot "Evangelie of Christus-gesentreerde hermeneutiek".

## Geen neutrale hermeneutiek

Daar is nie iets soos neutrale hermeneutiek nie. Objektiewe hermeneutiek is 'n mite wat geskep is deur die moderne sekulêre wetenskap[12]. Die eksegeet staan by die absolute gesag van God se Woord of die absolute gesag van die menslike rede - geen midde-weg nie[13].

In die hermeneutiek was daar aanvanklik slegs gefokus op "probleem-tekste" in die Bybel, maar dan moet die vraag tereg gevra word: wat is 'n probleem-teks, of 'n moeilike teks en in wie se oë bestaan die probleem? As die moderne leser nie die Teologie, geskiedenis en konteks van die Bybel verstaan nie, bloot omdat hy nie moeite doen om die Bybel te leer ken nie, moet alle tekste dan as probleemtekste verstaan word? Dit plaas die taak van die Bybelse hermeneutiek in die kollig.

## Die belang van hermeneutiek vir die eksegese

Die Bybel word aanvaar as die Woord van God en die bedienaar van die Woord (VDM) is die verkondiger van die Evangelie. Goldsworthy is van mening dat die moderne eise van die gemeente en die bediening dikwels leraars se aandag wegtrek van die studie van die Skrif en dat meeste leraars verval in 'n soort van 'n geroepe administratiewe beampte met die sieketroosting as spesifieke opdrag, en dat ons in die proses die Reformatoriese klem op die *Verbi Dei Minister* in so 'n mate laat verwater dat daar 'n opregte kommer ontstaan oor die hermeneutiek van leraars en gevolglik die eksegese in die prediking. Dit kan tot so mate verwater dat Christus uit die sentrum begin verdwyn en die postmodernistiese "wat beteken die teks vir jou?"-prediking aan die orde van die dag is, in plaas van die plaasvervangende versoening van Christus. Hy is van mening dat leraars (en ook die gemeente)

---

[11] Wat hier volg is 'n beknopte oorsig oor die genoemde werk van Goldsworthy, waarin ek poog om die kern van Goldsworthy se besondere werk bevatlik saam te vat en enkele aanbevelings te maak ten opsigte van die gereformeerde hermeneutiek in die AP Kerke.
[12] Goldsworthy, a.w., p. 21.
[13] Ibid, p.22

ten spyte van die eise van die bediening, nie moet vergeet dat sy primêre taak die verkondiging van die Goddelike Woord is nie.

As gevolg van leraars se gebrek aan tyd om vir preke voor te berei, meen hy, is ons geneig om te verval in moralisme of relativisme en roep hy VDM's op om opnuut die taak en metodiek van hermeneutiek te bestudeer en erns te maak met die eksegese van die prediking. Dit doen hy aan die hand van 'n oorsig oor die geskiedenis van die hermeneutiek, die invloede van die sekulêre wetenskappe op die hermeneutiek en maak gevolglik voorstelle om die probleem te probeer aanspreek.

## Aannames vir die Bybelse hermeneutiek

Uit die aard van hierdie referaat is dit nie moontlik om 'n volledige oorsig te gee oor die geskiedenis van die hermeneutiek van die Bybel nie. Ek wil egter graag enkele belangrike stellings uitlig wat Goldsworthy aan die orde stel om van die probleme ten opsigte van die moderne hermeneutiek te probeer aanspreek.

## Die Bybel as die Woord van God

Goldsworthy lig na my mening 'n belangrike argument uit ten opsigte van die voorveronderstelling dat die Bybel die Woord van God is[14]. Hy wys daarop dat indien die voorveronderstelling gemaak word dat die Bybel die Woord van God is, die voorveronderstelling volg dat die Bybel die waarheid oor God se openbaring is. Indien jy nie die openbaring van God kan aanvaar nie, kan die Bybel nie die Woord van God wees nie en gevolglik word die Bybel 'n menslike boek wat met menslike redenasies verklaar moet word. Die een kom dus neer op *die absolute gesag van God* en die ander op *die absolute gesag van die mens*: geen midde-weg nie! Tereg vra Goldsworthy vervolgens: indien jy in ag neem wat jy weet van God en van mense en jy nie anders kan as om 'n voorveronderstelling in te neem nie – óf God se gesag óf die mens se gesag: watter een klink vir jou die mees konstante hermeneutiek?

Hy meen dat daar egter verwarring bestaan by baie lidmate oor Christus as *die Woord van God* en die Bybel as *die Woord van God*. Hy meen dat hierdie misverstand een van die redes is waarom daar vandag so oor Bybelvertalings getwis word in die kerke. Hy stel voor dat ons dalk eerder van Christus as die "Woord" (hoofletter) moet praat en die Bybel as die "woord" (kleinletter) om van die verwarring uit te skakel en dat die prediking meer moeite moet doen om die "Bybel as die woord van God wat oor die Woord van God getuig" uit te lig[15].

## 'n Historiese skuif in voorveronderstellings

'n Volgende aspek wat ondersoek word, is die verstaan van 'n "voorveronderstelling". John Frame beskou 'n voorveronderstelling as 'n *vooraf bepaalde aanname waaroor geen ander aanname voorkeur geniet nie[16].* Die historiese gelowiges het aannames gemaak gebaseer op die oortuiging dat die Bybel die Woord van God is. Die *Aufklärung* het die mens kom wys maak dat die natuurlike werklikheid die absolute werklikheid is en dat God as absolute werklikheid onsigbaar is en daarom irrelevant is. Die gevolg daarvan was die absolute gesag van God moes plek maak vir die absolute gesag van die menslike rede en empiriese navorsing (rede plus bewys) is die enigste bron van absolute

---

[14] Ibid, p. 33.
[15] Ibid, p. 35-38.
[16] Frame, John. 1987. *The Doctrine of the knowledge of God.* Phillipsburg: Presbyterian & Reformed, p. 45.

waarheid. Die modernisme het op hierdie voorveronderstelling se skouers kom staan en met verloop van tyd is die Bybel nie meer beskou as die Woord van God nie, maar het die fokus geskuif na die sender (die histories-kritiese eksegese) en later na die ontvanger (resepsiekritiek en literêr-kritiese eksegese). Die Outeur het uit die middelpunt verdwyn en nou is die eksegeet oorgelaat om vir homself die boodskap van die outeur na te vors[17].

Gevolglik kyk Goldsworthy veral na die hermeneutiek van Tertullianus, Augustinus en Thomas Aquinas, Calvyn, Cornelius van Til, Francis Schaeffer en John Frame[18] en kom tot die gevolgtrekking dat daar basies 3 benaderings in die Bybelse hermeneutiek deur die eeue heen was:

a) Die totale *verwerping van die menslike rede* in die hermeneutiese proses (Tertullianus)
b) Die *absolute aanvaarding van die menslike rede* en die ondergeskiktheid van die Goddelike openbaring in die hermeneutiese proses[19] (Thomas Aquinas)
c) Die *absolute aanvaarding van die Goddelike openbaring* asook die belang van die menslike rede in die verstaan van die openbaring (Augustinus)

Van Til, Schaeffer en Frame het volgens hom juis gefokus op hierdie tekortkominge in die sekulêre hermeneutiek.

Hy meen voorts dat Ernst Troeltsch[20], met sy histories-kritiese metode en sy rasionalistiese voorveronderstelling dat die kosmos 'n geslote stelsel is, gedryf deur oorsaak en gevolg, beskou kan word as die vader van die moderne teologiese hermeneutiek wat by die meeste Teologiese seminariums kritiekloos gepreek word. Vir Troeltsch kan daar nie iets wees soos Goddelike werking in die geslote stelsel nie. Gevolglik doen God nie wonderwerke nie en is daar nie God-openbaring in die Bybel nie.

Goldsworthy meen dat Sidney Greidanus[21] die hermeneutiek van Troeltsch voldoende kritiseer maar nie genoeg doen om 'n gereformeerde hermeneutiek vir die konserwatiewe teoloog daar te stel nie. Hy meen dat die vier "alleen"-voorveronderstellings (genade alleen, Christus alleen, geloof alleen, Skrif alleen) die hart van die gereformeerde hermeneutiek moet uitmaak maar dat daar geen gereformeerde publikasie is wat hierdie vier voorveronderstellings in 'n Bybelse hermeneutiek sistematiseer nie[22]. Hy doen aan die hand dat "iemand dit beslis moet oorweeg om hierdie studie aan te pak" maar dat hy hom in die publikasie graag wil bepaal by die een voorveronderstelling, naamlik *Christus alleen*, hoewel hy tog die breë raamwerk skets van hoe die ander "*alleens*" benader kan word in die hermeneutiek[23], met die volgende uitgangspunte:

a) Genade-alleen wys op die ontologiese (bestaan) prioriteit van God

---

[17]Goldsworthy, a.w., p.40.
[18] Ibid, p. 41-42
[19] Hierdie is 'n aanvegbare stelling maar nietemin stel dit die antitese ten opsigte van Tertullianus. Boersma (Boersma, Hans. 2011. *Heavenly Participation: The Weaving of a Sacramental Tapestry*. Kindle Edition) skryf bv. die teenoorgestelde oor Thomas Aquinas: *"I want to emphasize that…[Thomas Aquinas]…still continued the synthesis between Christianity and (other-worldly) Platonism"* (Loc. 435) en weer *"For Aquinas, we might say, divine decisions had always been in line with eternal truth"* (Loc. 912).
[20] Ibid, p. 44
[21] Greidanus, a.w., 24-47.
[22] In dié opsig het Kevin Vanhoozer (*Is there a Meaning in this text*? Grand Rapids: Zondervan, 1998) tog 'n groot bydrae gelewer vir die sistematisering van die gereformeerde hermeneutiek maar kan tereg steeds nie beskou word as 'n "handboek" vir die gereformeerde hermeneutiek nie.
[23] Ibid, p. 47-54.

b) Christus-alleen wys op die soteriologiese en hermeneutiese prioriteit van die Evangelie
c) Skrif-alleen wys op die fenomenologiese en materiële prioriteit van die Skrif
d) Geloof-alleen wys op die ontologiese onvermoë van die sondaar en die prioriteit van die Heilige Gees

In die behandeling van "Christus-alleen", meen Goldsworthy dat daar 'n definitiewe gevaar is dat "Christus-alleen" prediking kan verval in "Christomonisme"[24]. Hy beweer dat dit een van die groot probleme met die "evangelicals" se prediking oor die Ou Testament is: dat hulle weens 'n gebrek aan begrip vir die verbond as Teologiese motief in die Skrif, Barth en Bultman se "Jesus-ologie" navolg, en gevolglik verval in 'n piëtistiese totalitarisme[25]. In dieselfde opsig, meen hy, is dit ook 'n wesentlike probleem in die Lutherse hermeneutiek.

Goldsworthy meen dat Christus "verduister" word in die prediking as die hermeneutiese voorveronderstellings nie suiwer is nie. Die "verduistering van Christus" is 'n term wat, so bely hy, hy by Adrio König raakgelees het. Hy meen voorts dat die verduistering van Christus beslis nie in die laaste twee eeue kop uitgesteek het nie, maar teruggevoer kan word na die apostoliese tydperk en die vroeë kerk, en veral kenmerkend is in die Marcionitiese[26], Nestoriaanse[27], en Ariaanse[28] kwessies en eintlik eers by Chalcedon[29] uitgestryk is. Hy meen dat die allegoriese hermeneutiek van die Alexandrynse skool bygedra het tot die misverstande oor Christus se persone, veral ten opsigte van die verklaring van die Ou Testament[30], maar meen tog, dat hoewel die Alexandrynse skool tereg nie as "Gereformeerd" beskou kan word nie, dat die Alexandrynse skool in gereformeerde kringe onregverdig verteken word as sou hulle dwaalleraars wees, terwyl daar definitiewe positiewe invloede van die skool van Alexandrië in die hermeneutiek van die kerk was.

Goldsworthy pleit egter dat die gereformeerde eksegese opnuut kennis neem van die tipologiese hermeneutiek van die Antiocheense skool, waarby die historisiteit van die Ou- en Nuwe Testamente as "een Woord van God" beklemtoon is[31]. Hy meen dat Theophilus en Johannes Chrysostomos nie verniet die basis van Calvyn se Teologie gevorm het nie. Augustinus het op sy beurt weer swaar op die skouers van Chrysostomos geleun. Gevolglik meen hy dat as ons die gereformeerde hermeneutiek wil herstel, ons nie anders kan as om na dié genoemde vaders se hermeneutiek ook te kyk nie.

Dit is duidelik uit die studie van die kerkvaders dat die Pelagianisme in dié tyd ook 'n invloed op die Antiocheense skool gehad het. Pelagius het op sy beurt weer swaar geleun op die filosofie van Plato[32]. Goldsworthy wys egter daarop dat ons moet kennis neem hoewel Augustinus die voorveronderstellings van die Pelagianisme verwerp het, hy egter nie Plato verwerp het nie. Deur Plato het Augustinus die Ou- en Nuwe Testamente as tipe en antitipe beskou, wat veral die eenheid van die Ou- en Nuwe Testament gedien het. Goldsworthy is dus van mening dat die tipologie wat deur

---

[24] In plaas van Christus in die sentrum, kan die prediking nét Christus verkondig, met die gevolg dat die Drie-eenheid verdwyn.
[25] Ibid, p. 64. Dit is 'n moralistiese Jesus-prediking, verwyder van Christus se plaasvervangende versoening.
[26] Die Ou Testament word verwerp, dualistiese beskouing oor die God van die Ou Testament as die God van wraak en oordeel vs. die God van die Nuwe Testament as die God van liefde en genade.
[27] Skeiding tussen die nature van Christus
[28] Christus is nie een met die Vader nie, maar geskape.
[29] 451 n.C, wat gelei het tot die formele belydenis van die twee nature van Christus.
[30] Ibid, p. 96.
[31] Ibid. p. 97.
[32] Ibid, p. 101-102.

die Aufklärung as stiefkind geban is, herontdek moet word as die sleutel vir die gereformeerde verklaring van die Ou Testament.

Thomas Aquinas (1225-1274) was volgens Goldsworthy verantwoordelik vir die duidelike onderskeid tussen die Ou- en Nuwe Testament[33], terwyl die kerk nog altyd die eenheid van die Skrif tot en met die 12de eeu onvoorwaardelik aanvaar en gehandhaaf het. Hy meen dat Aquinas se doelbewuste verwerping van Plato en die doelbewuste invloed van Aristoteles se filosofie op Aquinas, die Ou- en Nuwe Testament onderskeidelik in "natuur" en "genade" kom verdeel het. Die Aristoteliaanse empiriese filosofie (wat bewyse soek vir aannames) gee aanleiding tot die skeiding tussen "natuur" en "openbaring". Hy meen dat die dualistiese skeiding tussen die Ou Testament as "wet" en die Nuwe Testament as "genade" 'n ongelukkige verloop van Aquinas en die latere Roomse hermeneutiek is wat wrang vrugte in die gereformeerde Teologie dra[34].

## Die verduistering van Christus in liberalisme

Die moderne liberale Teologie is in opstand teen die transendensie van God, 'n opstand wat sy wortels in die Aufklärung vind sedert Francis Bacon (1561-1626). Augustinus sê: "Ek glo sodat ek kan verstaan". Die liberalisme sê: "Ek glo wat ek kan verstaan". Descartes se rasionalisme wat hy stel in teenstelling met die openbaring van God, lê vir Goldsworthy ten grondslag van die moderne liberale Teologie.

Descartes se uiteindelike verwerping van Thomas Aquinas, en dienooreenkomstig ook die verwerping van Aquinas se beskouing oor Aristoteles, lei tot 'n raamwerk vir die kosmologie waarbinne wette van die natuur sekere vaste stelsels beheer, en sodoende die transendente betrokkenheid verduister, sodat Copernicus en Galileo se ontdekking van die teorie van beweging geformuleer word rondom die erkenning van natuurwette en geen erkenning gee aan 'n transendente krag of mag nie. Dat dit 'n invloed sou hê op die Teologie klink aanvanklik vreemd, maar Aquinas het vas geglo in Aristoteles se aanname dat alles wat beweeg, een/Een moet hê wat die beweging aan die gang sit, en so lank as wat daar beweging is, is daar een/Een. Descartes verwerp egter dié voorveronderstelling en meen dat alles altyd in 'n staat van rus of beweging is. Hierdie aanname van Descartes word later gesistematiseer in Newton se eerste wet van beweging.

Kant en Schleiermacher het op die voorveronderstelling van Descartes voortborduur deur dié voorveronderstelling van die afwesigheid van God in die skepping (en dus ook in die openbaringsgeskiedenis) na die Bybelse hermeneutiek deur te trek. Deur die openbaring van God in die Skrif en natuur te verwerp, word die inkarnasie van die Woord noodwendig verwerp en word die goddelikheid en menslikheid gereduseer tot 'n totale menslikheid met gewaande (of verbeelde) goddelikheid[35]. Dilthey se hermeneutiek het op die skouers van Schleiermacher gestaan en Heidegger het op sy beurt op die skouers van Dilthey gestaan, en Bultman het op sy beurt op die skouers van Heidegger gestaan, en Carson[36] meen die postmodernistiese Teologie staan op sy beurt op Bultman se skouers. Die Bybelse hermeneutiek word dus onderwerp aan 'n bose ketting van liberalisme wat deur die laaste eeue op heidense voorveronderstellings gebaseer word.

Vir Goldsworthy is daar egter nie iets soos 'n "postmodernistiese hermeneutiek" nie. Hy meen "postmodernisme" is slegs "modernisme wat terminaal siek geword het en op sy sterfbed lê" en sy

---

[33] Ibid, p. 106.

[34] Ibid, p. 110, en 111-119. Vergelyk ook Schaeffer, Francis. 1968. *Escape from Reason*. Downers Grove: Intervarsity Press, hoofstuk 1 in dié verband.

[35] Ibid, p. 121-129.

[36] Carson, DA. 1996. *The gagging of God.* Grand Rapids: Zondervan.

laaste stuiptrekkings kry in die vorm van individualisme, hedonisme en moralistiese relativisme[37]. Hy verwys na Thomas Oden[38] wat oor postmodernisme skryf (geparafraseer – GDS):

> *Enige organisme wat wil bestaan moet voortplant. Enige voortplanting veronderstel vrugbaarheid. En vrugbaarheid veronderstel energie. Modernisme was vrugbaar in rasionalisme. Vir postmodernisme is alles relatief, ook voortplanting en vrugbaarheid en daarom beskik dit nie oor die energie om voort te plant nie en veroorsaak 'n vakuum*.

Die vraag is egter: as postmodernisme 'n vakuum in die lidmaat se verstaan van die prediking veroorsaak in die vorm van bv. agnostisisme (ek weet nie meer wat is reg en verkeerd nie; ek weet nie meer of God is en Wie God is nie), wat kom vul hierdie vakuum? Liberalisme! Postmodernisme maak die deur oop vir die liberale hermeneutiek, wat op sy beurt God van die kansel laat verdwyn.

## Die herstel van die Gereformeerde hermeneutiek

Soos reeds gemeld, is die werk van Goldsworthy waardevol omdat hy 'n oorsig gee oor die geskiedenis van die Bybelse hermeneutiek van die Ou Testament tot vandag en die invloede wat 'n rol gespeel het in die hermeneutiek deur die eeue bevatlik en bondig saamvat.

Die grootste waarde van die werk lê egter na my oordeel in deel 3 van die publikasie[39]. In hierdie afdeling word gefokus op die voorveronderstellings wat vasgelê moet word om die gereformeerde hermeneutiek en –eksegese te herstel.

Kennis van God veronderstel kennis van jouself, het Calvyn geleer[40]. As jy nie jouself ken nie, kan jy God nie ken nie. In die hart van Calvyn se Teologie oor die kennis van God is dat die mens van nature die vermoë besit om God te kan ken. Om dié rede is dit vir Calvyn onverskoonbaar as die mens God nie dien nie[41].

Vervolgens stel Goldsworthy 'n uitdaging aan elke gereformeerde eksegeet: om in die voetspore van Calvyn vrae te vra oor God, oor sy openbaring, oor die mens, oor sy openbaring en oor die interpretasie van dit wat geopenbaar word, met die nodige voorveronderstellings, sonder om te lyk na gefossileerde oorblyfsels van prehistoriese tye[42].

Om dit wat hierbo genoem is te probeer regkry, vra Goldsworthy dat die eksegeet sy voorveronderstelling rondom die Skrif toets. As die Skrif alleen die maatstaf is, in hoe 'n mate aanvaar die gereformeerde eksegeet die gesag van die Skrif? Die Rooms-Katolieke argument dat die kerk ons die Bybel gegee het en daarom het die kerk die reg om die Bybel te interpreteer soos hy wil, word afgewys. Daarteenoor moet gewaak word teen *bibliolatrie,* waar die Bybel en nie Christus as Woord van God nie, sentraal staan.

[37] Goldsworthy, a.w., p. 137.
[38] Oden, Thomas C. *The death of modernity and postmodern Evangelical spirituality*, in Dockery (red.) The challenge of postmodernism, pp. 19-33.
[39] Goldsworthy, a.w., p. 181-317.
[40] Institusie, 1.1.1
[41] Ibid, 1.3
[42] Goldsworthy, a.w., 192.

## Een Bybel, een geskiedenis, een verlossingsplan

Die Bybel stel dit duidelik: die geskiedenis is gebroke. Dit is wat die Pelagiane nie kon sien nie, en ook nie die Aufklärung nie, en ook nie die liberale Teologie nie. Die Marxistiese poging om die geskiedenis heel te maak het geëindig in 'n skynparadys agter 'n ystergordyn; die Hegeliaanse optimisme het veronderstel dat dit 'n hoogtepunt moes bereik in die Pruisiese staat[43]; die pragmatisme veronderstel totale geluk in die onwaarskynlike ondergang van materialisme. Die enigste manier hoe die geskiedenis herstel word, is in Christus en die goue draad wat alles aanmekaarhou, meen Goldsworthy, is die verbond[44], en die koms van Christus is die volmaakte oomblik (Hy is die *eschaton*).

Hy aanvaar dat daar verskille bestaan tussen Nuwe-Testamentiese studie en Ou-Testamentiese studie en dat die verskillende tale van die Testamente verskillende akademiese vaardighede en spesialiteite vereis, maar meen dat die dood in die pot is waar in Teologiese opleiding onderskeid gemaak word tussen Ou-Testamentiese Teologie en Nuwe-Testamentiese Teologie, asof daar twee verskillende Teologieë ter sprake is. Hy meen die plek waar die gereformeerde hermeneutiek gefaal het, is in die fragmentering van die Bybelse verhaal, sodat gebeure van die Bybel losgemaak word van die groot prentjie van die koms van die volmaakte *Eschaton* wat die geskiedenis kom heel maak. Dit sê Goldsworthy lei gereformeerde teoloë om allerhande maneuvers uit te oefen om die Ou Testament te laat praat met die moderne kerk.

Om die rede hierbo genoem is Goldsworthy van oortuiging dat Luther se onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament as "Wet en genade" aanleiding gegee het tot die onderskeid tussen Ou-Testamentiese Teologie en Nuwe-Testamentiese Teologie en dat daar na sy mening slegs een suiwer Teologie bestaan, naamlik *Bybelse Teologie.*

Indien die onderskeid gehandhaaf word ten koste van die eenheid, word Christus die vervuller van die Wet alleen (soos die twee-ryke leer veronderstel) en nie die vervuller van die verbond en die geskiedenis nie[45]. Hy meen van A.A. van Ruler is een van die teoloë wat 'n sterk invloed gehad het om die eenheid van die Skrif te kontrasteer met die onderskeid van die Testamente. Hy verwys na enkele opmerkings van van Ruler om aan te toon dat die Ou Testament vir van Ruler eintlik dié Kanon was en die Nuwe Testament 'n *verklarende bylae* in die Skrif.

Goldsworthy stel voor ons maak 'n soektog oor die beskikbaarheid van Ou-Testamentiese Teologie werke in die Judaïsme, en meen dat jy nie so iets sal vind nie. Die Christelike kerk het Ou-Testamentiese Teologie ontwikkel want die verband tussen die Ou en die Nuwe Testamente veronderstel 'n "goue draad" en die "goue draad" is die verbond en kan net ontdek word as die Ou- en Nuwe Testament as 'n eenheid gelees word. Om dié rede, meen hy, stel die Judaïsme nie in Ou-Testamentiese Teologie belang nie omdat hulle nie die nut sien vir 'n ondersoek na die "goue draad" nie[46].

## Kontekstualisering van die Skrif[47]

Goldsworthy wys daarop dat die kerk van die begin af die Bybel gekontekstualiseer het in die prediking. Christus doen dit self toe hy met die Emmaüsgangers in gesprek is en die Skrifte aan hulle uitlê (Luk. 24:27). Goldsworthy waarsku egter dat kontekstualisering nie beteken dat die teks met die

---

[43] Hegel (1796) was betower deur die Franse rewolusie, en het gevolglik die staat as die draer van absolute mag veronderstel. Hegel het die grootste invloed op die filosofie van Friedrich Nietzsche gehad.
[44] Ibid, p. 226-227.
[45] Ibid, p. 233.
[46] Ibid, p. 237.
[47] Ibid, p. 273-295

moderne kerk moet praat oor hulleself nie, maar met die moderne kerk moet praat oor Christus. Hy meen die neiging om die vraag te vra wat die teks vir die gemeente sê is juis 'n liberale neiging en dat die hermeneutiek nie ten doel het om te vra: *"wat sê die teks vir my?"* nie, maar *"wat sê die teks van Christus?"* en *"wat moet ek daarmee maak?".* Dit beteken nie dat die teks nie 'n toepassing het op die gemeente nie, maar dat dit juis die slaggat van moralistiese prediking stel as jy byvoorbeeld vanuit die Ou Testament vra: *"wat sê die teks vir die gemeente oor hulle lewe?"* en nie *"wat sê die teks oor Christus en hoe raak dit die gemeente se lewe?"* nie.

## Voorbereiding

'n Volgende aspek wat Goldsworthy aan die orde stel, is die vraag oor Bybellees-programme en in hoe 'n mate die versnippering van die Bybel in perikope 'n rol speel in die hermeneutiek van die eksegeet[48]?

Die hervormers het Desiderius Erasmus se standpunt oor "verhoogde kennis" waardeur slegs Bybellesers wat gestudeer het die Bybel kan verstaan, verwerp.

Goldsworthy is egter van mening dat die gebrek aan opgeleide teoloë wat met die grondteks kan werk, deels 'n rol speel in die verskraling van die hermeneutiek en eksegese van die Skrif[49].

Hy meen dat Bybelvertalings 'n rol speel in die oorvereenvoudiging van die Bybelse Teologie, aangesien geykte kerklike terme wegvertaal word in meeste nuwe Bybelvertalings en lidmate dienooreenkomstig afgetrek word na die vlak van die vertaling in plaas daarvan dat die lidmaat deur ernstige Skrifstudie en gebed opgetrek word na die vlak waar die gelowige behoort te wees. Om dié rede meen Goldsworthy behoort 'n dinamies-ekwivalente vertaling nooit as amptelike vertaling in 'n kerk te dien nie, en wil hy sover gaan om te vra of dit regtig 'n Bybel is of nie dalk eerder 'n populêre kommentaar op die Bybelteks bedoel vir lidmate nie? Hy meen verder dat 'n eksegeet hoogstens 'n dinamies-ekwivalente vertaling kan gebruik om moeilike tekste te kontroleer, maar nooit as kern eksegetiese bron nie.

Hy meen verder te veel lidmate maak staat op Bybellees-programme wat die Bybel nie in sy geheel benader nie, maar versnipper in tematiese perikope. Om daarby te voeg, preek te veel leraars los perikope uit die Bybel na willekeur, sonder om die "groot storie" van die verlossing van God en die uiteindelike hoogtepunt in die verlossing deur Christus in 'n "goue draad" te preek sodat die lidmate kan verstaan dat daar een geskiedenis, een Bybel en een verlossingsplan is nie. Hy meen elke leraar behoort te gaan sit en 'n plan op te trek om sy prediking langs die weg van die belangrikste Bybels-teologiese lyne te laat loop in plaas daarvan om elke Sondag te preek oor "Jesus wat jou sonde verlos", sonder dat die gemeente verstaan waarom hulle verlos moet word. Hy gee ook belangrike hermeneutiese wenke vir die voorbereiding van die preek wat elke predikant van-tyd-tot-tyd weer moet naslaan om skerp te bly[50].

## Samevatting

As jy in die pad ry, en jy sien 'n ronde padteken met 'n rooi sirkel om en wit agtergrond met swart geskryf "60", weet jy uit jou kennis van die padreëls dat dit 'n teken is wat waarsku dat jy net 60 km/h op die pad mag ry. Toe jy die teken gelees en geïnterpreteer het, het jy hermeneutiek beoefen. Geen

[48] Ibid, p. 308-313
[49] Ibid, p. 308
[50] Ibid, p. 310-312

mens kan hom losmaak van voorveronderstellings in sy hermeneutiek nie. Selfs al besef jy dit nie, is elke dag gevul met hermeneutiese keuses. Goldsworthy pleit dat die keuses in gereformeerde eksegese en prediking nie die spoor van die liberale hermeneutiek moet loop nie, maar doelbewus met 'n gereformeerde voorveronderstelling van Christus-gesentreerdheid in die prediking werk.

## Enkele oorwegings

Die genoemde werk van Goldsworthy handel oor soveel sake waarby ek hier nie kon stilstaan nie. Deeglike bestudering van hierdie werk sal van onskatbare waarde vir die eksegeet wees wat erns maak met die verkondiging van Christus vanuit die hele Skrif.

Na bestudering van hierdie werk, is daar opnuut leemtes in ons kerk uitgewys waaraan ons aandag moet gee:

1. Kry die verbond genoeg aandag in die prediking in die AP Kerke? Dit mag op plekke deeglik gedoen word, maar die indruk wat ek persoonlik het, is dat hierdie tema nie voldoende aandag kry in die hermeneutiek, eksegese en prediking nie. Dit is blykbaar die geval in baie kerke. Om dié rede meen Goldsworthy moet die saak meer aandag kry.
2. Die noue verband tussen die geskiedenis van die Ou Testament en die Nuwe Testament as een heilsgeskiedenis moet meer aandag kry in ons prediking.
3. Die sentrale tema van Christus se verlossing uit genade moet sterker in die Ou-Testamentiese prediking na vore kom, terwyl daar opnuut gewaak moet word teen moralistiese toepassings.
4. Daar is 'n definitiewe behoefte aan 'n publikasie oor die Bybelse Teologie (veral Ou na Nuwe Testament) waarin die "goue draad" van die heilsgeskiedenis duidelik beklemtoon word.
5. Ons Verbondsonderrig (VBO)-handboeke neem nie tans konsekwent die heilsgeskiedenis en die koms van Christus as hoogtepunt van die geskiedenis in al die lesse in ag nie. Ons sal voorgangers meer doelgerig moet leiding gee in die verband.
6. Met die herskryf van die VBO-handboeke moet onder andere kennis geneem word van waardevolle werke wat die "een storielyn" van die verbondsgeskiedenis verdiskonteer soos bv. die waardevolle werk van David Helm[51].

---

[51] Helm, David. 2004. *The Big Picture Story Bible.* Wheaton: Crossway.